# 443 Stille nag, heilige nag



Stille nag, heilige nag. Alles rus, eensaam wag.
Slegs Maria, geseënde Vrou by haar Kindjie, met Josef getrou.
Soete hemelse rus! Soete hemelse rus!

Stille nag, heilige nag, oor die veld, lief en sag,
klink die lied van die engelekoor, eers deur herders, dan verder gehoor.
Juig, die Redder is daar! Juig, die Redder is daar!

Stille nag, heilige nag! Jesuskind, lank verwag.
Lig uit Lig, uit die Vader se Ryk, word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind! Loof die hemelse Kind!

Stille nag, heilige nag. Hemelvors, ons gee ag,
op die lied van die engelekoor, herders het dit die eerste gehoor.
Juig, die Redder is daar! Juig die Redder is daar!

Stille nag, heilige nag! Jesus Heer, voor u mag
voor u Ryk moet die duisternis swig; tot in ewigheid bly U die lig.
Heer, gebore vir ons! Heer, gebore vir ons!